# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**



**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 15 Januarie 2023

### 09:30 OGGENDEREDIENS:
### Ds Daan Bakker

**Tema: Dié wat by jou is, is meer as waarvoor jy bang is**

**Lofsang saam met mekaar**
Lied 163:1; Lied 165:1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 159: 1; Votum en Seën; Loflied: Ps. 46-1: 1, 6; Belydenis: 12 Artikels; Sing Ps. 68-1: 9

**Verootmoedigingsdiens**
Lees God se wil voor uit Kolossense 3:1-17; Sing Ps. 119-1: 39, 40; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing Josua 14: 6-15; Lees Sondag 10 vraag 27; Sing Ps. 46-1:1, 6 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed; Sing Ps. 91-1:1, 6; Seën; Amenlied Sb. 13-3.

### 18:00 AANDEREDIENS:
### Nagraadse student Barend vd Westhuizen

**Tema: God is genadig oor wie Hy wil wees en laat ons met genoeg rede om ook sy genade vir ander te wil hê.**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 184: 1, 4; Votum, Seën, Loflied: Ps. 66 -1: 1,2, Gebed,

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Sing: Ps 86-1: 5, 6; Skriflesing: Jona 4: 1-11; Fokusverse: Jona 4: 9-11; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing: Ps 145-1: 2, 5, 6, 10, 11 en 12; Wegstuurseën; Sing Sb 13-3.

Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Deputate: Jeugsorg (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.

## Januarie 2023

### Ons gebed vir die nuwe jaar



*Joh. 8:12 " Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."*

U is die lig vir die wêreld!
Ek wandel nie meer in die duisternis (donkerte) nie, maar in U lig. Mag elkeen van ons wat deel is van hierdie gemeente (liggaam van Christus), se lewe U waarheid weerspieël, en hulle wat nog in die donkerte is na U toe wys. Laat my lewe U Naam verheerlik.

Gee my krag en moed om die hoop wat ek in U het met ander te deel.

Die wêreld is stukkend
*Rom. 12:2 "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."*

U maak heel wat stukkend is. In hierdie nuwe jaar, help die verlorenes, die eensames en hulle wat seer het. En Here, help ook vir my.

Laat U liefde ons bymekaar hou, mag verdeeldheid herstel word en U kerk wêreldwyd verenig word.

Dit maak nie saak wat hierdie jaar vir ons inhou nie Here, U is getrou en al U beloftes is waar!

Baie dankie vir die ewige hoop wat in ons lewe!

**Ons bid dit in die naam van Jesus Christus, ons Here! Amen**

------------------------------------------------------------

Jy kan deel word van voorbidding: Elim, Sondae oggende 09:00 of jy kan ook saam voorbidding doen deur deel te word van die "whatsapp"-groep.
Kontak my gerus by **072 449 1982 – Elsie Ferreira.**

## MEELEWING

- Bouke Spoelstra het tydens sy vakansie geval en sy enkel gebreek, waarna hy 'n operasie moes ontvang. Hy sterk nou weer tuis aan.
- Yvonne Coetsee was die afgelope week in Medikliniek vir toetse en behandeling.
- Marie Oosthuizen het die afgelope week weer begin met 'n reeks chemoterapie.
- Rita Schutte moet toetse ondergaan met die oog op 'n diagnose.
- Frikkie Smith se begrafnis was Donderdag. Ons dink steeds in ons gebede aan Anna, Annari, die ander kinders, kleinkinders en familie.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen en Mariana du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie: Opening en boekies - alle ouers en kinders bly agter
18:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Diakonie: Dagbestuur

**Dinsdag**
18:00 Sustersbestuur

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Deputate: Jeugsorg (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir GKSA Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 22 en 23.

## VERLOF

- Ds Piet is met verlof tot einde Januarie 2023

## HULPDIENS: BAREND VAN DER WESTHUIZEN

Die kerkraad is dankbaar dat ons vanaf 1 Jan 2023 van bedieningshulp deur br Barend van der Westhuizen gebruik kan maak. Barend het verlede jaar sy teologiese studies voltooi en besluit om voltyds verder te studeer vir 'n M-graad in Teologie. Hy het homself bereid verklaar om formeel bedieningshulp te verleen met die bediening van die studente en naskoolse jongmense in ons gemeente. Hierdie dienswerk sluit ook prediking en pastorale sorg van ander lidmate in soos dit benodig mag word.

Hy en Carike is nou al lekker tuis hier by ons en ons sien uit na sy bediening in die gemeente. Sy telefoonnommer is 079 337 8148.

## KATKISASIE-OPENING VANDAG VIR OUERS EN KINDERS

Ons versoek al ons katkisasiekinders en ouers om na die diens in die kerkgebou agter te bly vir die opening van ons kategeseprogram. Ons wil belangrike inligting met u deel, die kategete aan u voorstel en die kinders se klasindeling doen, waarna hulle saam met die kategete na die lokale gaan vir kennismaak en om hulle Handleidings te ontvang.

Die koste van die Handleidings is: Gr 1 - 3, is R100 per kind en Gr. 4 - 11, is R50 per kind. Dit kan by die kerkkantoor vereffen of volgende Sondag saam met u kind na die kategeet stuur in 'n koevert wat duidelik gemerk is.

NUWE HANDLEIDINGS VIR LAERSKOOL
Die kerkraad het na gesprek met ouers en kategete besluit dat ons vanjaar weer vir Gr 1 - 7 (soos gr 8 - 12) die amptelike GKSA-katkisasiehandleidings gaan gebruik. Ons het die afgelope 6 jaar in die laerskool net gefokus op Bybelkennis aan die hand van die "In U hande"-reeks.

Die GKSA-handleidings volg vier onderrigtemas:

1. Openingbaringsgeskiedenis (Kennis van God uit die Bybel)
2. Belydenis (Kennis van God uit die Belydenisskrifte)
3. Koninkryk (Kennis van God se regering en ons rol as burgers van die koninkryk hier op aarde met etiese aspekte.)
4. Kerk (Kennis van God se kerk op aarde met apologetiese aspekte.)

Hierdie vier lyne loop regdeur van Gr 1 tot 12. In die laer grade vorm die Openbaringsgeskiedenis die kern van die handleidings en soos die katkisante ontwikkel en in staat is om meer abstrakte konsepte te verstaan, word meer Belydenis, Koninkryk en Kerk temas hanteer.

## HUISGELOOF-BYEENKOMSTE IS FORMELE ONDERRIG

Ouers sal in die Katkiasieprogram op die Kalender opmerk dat sommige Sondae nie 'n

Katkisasie-lesaanduiding het nie, maar dat daar ‘n Huisgeloofbyeenkoms vir al die katkisante gereël word. Hierdie byeenkomste is deel van ons formele onderrigprogram waar kinders in groepe volgens ouderdom ingedeel word en aktuele temas met hulle bespreek word.

Die ouers word dan ook daardie betrokke Sondag oor ‘n opvoedingsaspek toegerus terwyl die kinders besig is. Die kerkraad merk op dat heelwat ouers en kinders nie hierdie geleenthede bywoon nie en versoek ernstig dat u dit as deel van ons formele onderrig sal beskou en die kinders sal bring.

**WEEKSKATKISASIE DEUR DS PIET (GR 8 - 11)**

Ds Piet neem gr 8 - 11 ook gedurende die week vir verdere toerusting en ouers word versoek om dit vir die kinders moontlik te maak - te midde van besige skoolprogamme - om hierdie onderriggesprekke by te woon. Ds Piet sal die dag en tyd met elke klas vasmaak sodra hy weer begin werk.

**KATEGETE 2023**

Hier is die lys van ons kategete vir 2023. Ons is baie dankbaar dat hulle bereid is om ons kinders te begelei en bid hulle en al ons katkisante baie seën toe vir die katkisasie hierdie jaar. Ons versoek ouers om kategete op hoogte te bring van besondere omstandighede wat u kind se bywoning kan beïnvloed.

**Gr 1:** Naetta v Zyl - 082 781 1167
Regs voor preekstoel op mat
**Gr 2:** Sonja Olivier - 083 282 9732
Links voor preekstoel op mat
**Gr 3:** Anneke Steenkamp - 082 856 6278
Lokaal 3 langs kerkkantoor
**Gr 4:** Christa v Zyl - 082 947 3033
Lokaal 2 middel
**Gr 5:** Surina Scholtz - 072 566 9977
Klein moederskamer
**Gr 6:** Leonard Haasbroek - 082 545 4321
Lokaal 1 - verste van kerkkantoor
**Gr 7:** Chris Storm - 084 582 3379
Elim
**Gr 8:** Hendrik vd Walt - 079 022 2526
Vleissaal: agter
**Gr 9:** Cindy du Plessis - 082 255 2484
Groot moederskamer
**Gr 10**: Paul Smit - 082 568 0947
Konsistorie
**Gr 11:** Vakant -
Vleissaal: Voor

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 15 Januarie**
Ds. Piet Venter
Jsr Simonè Bezuidenhout
Sr Johanndi Bronkhorst

**Maandag, 16 Januarie**
Br Hennie Niemand *
Br Deon Truter

**Dinsdag, 17 Januarie**
Jsr Esmari v Niekerk

**Woensdag, 18 Januarie**
Sr Salome Bloem

**Donderdag, 19 Januarie**
Sr Corlia Ford
Sr Marlie Schutte
Jsr Luanke v As

**Vrydag, 20 Januarie**
Sr Annarie Oelofse
Br Jan-Ernst Oosthuizen

**Saterdag, 21 Januarie**
Br Francois de Villiers
Sr Julialet Rens
Br Dirkie Venter *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## BAIE DANKIE

Ek wil aan elkeen wat tydens Frikkie se siekbed en daarna ons gedra het deur 'n ondersteunende boodskap op WhatsApp/sms gestuur het, wat geskakel het of ons besoek het en aan die sorg van ons Hemelse Vader opgedra het, BAIE DANKIE sê. Dit word opreg waardeer want dit het ons regtig in die moeilike tyd gedra.
'n Spesiale woord van dank aan ds Piet, ds Pieter, ds Daan en Barend vir julle geestelike versorging en besoeke tydens Frikkie se siekbed en daarna.

Dit is n voorreg om deel van Potch-Oosdoppers te wees.
Smith familie.

## GHOLFDAG: 17 FEBRUARIE 2023

Ons Gholfdag-komitee is reeds besig om reëlings te tref vir die aanbied van hierdie jaar se gholfdag.



Vrydag, 17 Februarie

Afslaan: 10:30 "Shotgun start"

Formaat: "Betterball Stableford, Scramble drive"

Kostes: R2 000 p/vierbal

Ondersteun ons asb deur 4-bal-inskrywings of om as putjieborge op te tree.

<u>Kontak gerus</u>:
Walter Plotz (083 487 7497)
Ryan Bezuidenhout (082 464 6310)
Nicolaas Erasmus (074 671 6932)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Roma Visser en groep 6, Hannelie Pieters en groep 14, Marike Grobler en groep 24, asook Elsie Buijs en groep 32.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SINODE 2023: TEE-SKINK

Liewe susters, ons gemeente skink Donderdag, 2 Feb by 2 geleenthede tee vir die Sinode. (10:30 tot 10:45 en 16:00 tot 16:15). Ons het julle hulp asb nodig hiervoor. Skryf jou naam asb op die lys in die voorportaal as jy ons kan help.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WAT |
|---|---|---|---|
| 17 Jan | Dinsdag | 18:00 | Sustersbestuursvergadering |
| 24 Jan | Dinsdag | 18:00 | Groepsustersvergadering |
| 02-Feb | Donderdag | 10:30 en 16:00 | Sinode: Tee-skink |
| 21 Feb | Dinsdag | 18:30 | Sustersamekoms |
| 5 Maart | Sondag | 18:30 | Ouderlingverversings |
| 12 Maart | Sondag | 12:00 | Nagmaalete |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!


**Sanet Ras Prokureurs**

**OPSTEL VAN TESTAMENTE.**

**BEREDDERING VAN BOEDELS.**

**ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.**

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u



# Oosdoppertjies

**Baie welkom terug na 'n lekker lang vakansie!**

**Kyk bietjie hoeveel vrugte van die gees jy vandag in hierdie "blokraaisels" raaksien en kleur hulle in.**

## Die vrug van die Gees

> Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.
>
> Galasiërs 5:22-23

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| s | e | l | f | b | e | h | e | e | r | s | i | n | g | l |
| d | a | d | d | l | j | i | o | n | g | g | h | l | s | i |
| d | i | b | g | y | k | o | l | p | l | g | v | y | a | e |
| a | v | r | e | u | g | d | e | s | n | o | i | j | g | f |
| v | o | i | d | m | y | v | h | a | r | e | e | n | m | d |
| l | e | s | u | w | u | r | m | b | i | d | t | e | o | e |
| a | r | y | l | g | r | o | o | t | k | h | l | i | e | d |
| g | b | k | d | b | v | r | e | d | e | e | o | l | d | s |
| k | y | i | b | k | g | w | j | o | d | i | a | d | i | d |
| u | g | e | t | r | o | u | h | e | i | d | o | o | g | e |
| e | k | e | o | b | n | k | i | n | d | l | i | p | h | e |
| u | t | u | k | i | b | j | f | r | d | a | g | g | e | r |
| y | f | h | j | u | i | k | d | e | y | k | h | e | i | d |
| v | r | i | e | n | d | e | l | i | k | h | e | i | d | l |
| s | f | t | j | k | i | h | b | f | a | a | m | t | l | e |